**Teks:** Matteus 25:31-46
In sy laaste groot preek lê Jesus klem op die saak wat by God se oordeel die swaarste sal weeg. (Die laaste gedeelte van Matteus 25:40 is in die Boodskap vertaling so vertaal: "Wie my vriende help, al is hulle hoe onbelangrik, help My.")

**Tema:** Moenie met vuur speel nie!
'n Geloofsbelydenis sonder geloofsdade eindig in die vuur.

Jesus Christus gaan sit op sy koninklike troon. Hy skei, soos die skaapwagters van destyds, die skape en die bokke van mekaar. Diegene wat aan sy regterkant staan, die skape, se oordeel is positief. Vir diegene aan sy linkerkant, is daar 'n negatiewe uitkoms. Hulle ontvang as straf die ewige vuur van die verderf.
Altwee groepe verstaan nie waarom die oordeel oor hulle voltrek word nie en vra hoe dit werk.

Jesus antwoord hulle dat geloof sonder dade nie geloof is nie. Ons as gelowiges se geloof en liefde word sigbaar in ons goeie dade vir alle mense in nood!
Ons geloofsverhouding met Jesus, word sigbaar in ons verhouding met ander mense.
Ons liefde vir die Here, word sigbaar in ons liefde ook vir die geringstes.
Ons diensbaarheid aan die Here, word sigbaar in diens van barmhartigheid aan die kleinstes en mense in nood.
En die Here vra nie vir ons om onmoontlike groot goed te doen nie. Hy vra iets om te eet of te drink, huisvesting of klere, verpleeg of besoek.

Die skeiding gebeur op grond van die uitleef van geloof deur daadwerklike diensbaarheid.
Die skape se geloof het sigbaar geword, terwyl die bokke niks meer as 'n geloofsbelydenis gedoen het nie. Ten spyte daarvan dat die bokke ook Jesus aanspreek as Here, dit beteken Eienaar of Besitter, is hulle ongelowiges. Hulle het hulle sogenaamde geloof nie geleef nie.

Hoe lyk geloof wat geleef word? Elkeen van ons behoort 'n verhaal te hê, anders sal ons by die bokke moet staan.

Ek vertel 3 verhale van geleefde geloof wat ek raakgelees het:

…julle het my in die tronk besoek…
In Februarie 1984 het ʼn 26 jarige voormalige vlootsersant genaamd Riley, wat toe 'n 25 jaar vonnis vir moord uitgedien het, saam met drie ander medegevangenes uit die Fort Pillow Staatgevangenis in Tennessee ontsnap. Nadat hy van die ander manne weggebreek het, het Riley ʼn geweer in die hande gekry en by die huis van ʼn bejaarde egpaar, Nathan en Louise, ingebreek. Hy het hulle met die geweer gedreig. Louise, ʼn 73 jarige ouma, het vir Riley gesê: "Jongman, ek is ʼn Christen vrou. Ek glo nie aan geweld nie. Sit daardie geweer neer en kom sit hier."
Verrassend, was Riley gehoorsaam en het hy vir Louise gesê dat hy honger en koud is. Terwyl Louise haar man, Nathan, gestuur het om droë klere te kry, het sy begin om ontbyt te maak. Sy het die tafel met haar beste gedek. Toe hulle sit saam te eet, het Louise aangedring om te bid. Sy het vir Jesus gedank dat Riley veilig was.

Na ontbyt, het Louise Riley se hand geneem en hom na sy familie uitgevra. Hy het vertel dat sy ouma dood is en hy nou niemand oor het wat vir hom omgee nie. Louise het vir hom gesê: "Jongman, ek is lief vir jou en God, in Jesus, is lief vir jou. God het almal van ons lief. Jesus het vir jou gesterf en opgestaan omdat Hy vir jou lief is."
Kort daarna het die polisie opgedaag. Hulle is deur die bure in kennis gestel dat iets in Louise en Nathan se huis verkeerd was. Riley was natuurlik bang dat hulle hom sou doodskiet, maar Louise het gesê hy moet bly sit. Sy het met die polisie gaan praat en vir hulle gevra om hulle gewere weg te sit, want sy laat nie geweld by haar huis toe nie. Toe die polisie doen wat sy vra, het Riley homself oorgegee en was teruggeneem na die tronk en niemand het seergekry nie.
Dit was egter nie die geval met ander ontsnaptes nie. Twee van hulle het ʼn man doodgeskiet en sy vrou as gyselaar geneem. Die ander een is deur die polisie doodgeskiet toe ʼn skietgeveg uitgebreek het.

Dit is egter nie die einde van die storie van Riley se lewe nie. Toe daar vir Louise en Nathan gevra is om ʼn klag teen Riley te lê omdat hy hulle as gyselaars aangehou het, het hulle geweier omdat hy hulle nie seergemaak het nie. Riley het ʼn paar jaar by sy vonnis bygekry omdat hy ontsnap het, maar Louise het met hom gekorrespondeer en hom ook in die tronk gaan besoek.
Tydens daardie besoeke het sy vir hom gebid. Sy het vir hom vir ʼn foto gevra en dit in haar familiealbum gesit en toe begin werk aan sy vrylating. Met haar hulp het Riley ʼn Christen geword. In 1995 is Riley vrygelaat, en toe Louise in 1998 oorlede is, het Riley by haar begrafnis gepraat. Hy het getuig dat sy 'n "*real Christian*" was en hy was ook een van haar kisdraers gewees.

Louise se kinders het aangehou met hierdie verhouding. Riley het sedertdien uit die moeilikheid gebly. Hy het ʼn verantwoordelike werk, is getroud en het ʼn seun. Nie lank gelede nie, was Riley selfs die gasspreker by ʼn laerskool waar een van Louise en Nathan se kinders die skoolhoof is.

Natuurlik is dit nie jou alledaagse storie nie, maar Louise het haar geloof geleef en so 'n langtermyn gevangene se lewe vir ewig gered.

…want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek en julle het my verpleeg…

Daar was ʼn skatryk man op ʼn uitreik na Kalkutta. Die uitreik se naam was "*a pilgrimage of reverse mission."*(uitreik van omgekeerde sending) Aanvanklik het die man gedink die uitreik was ʼn verskuilde poging om geld uit hom te kry. Maar die uitreik se leiers het verduidelik dat hulle doelwit was om hom en ander in die groep, in direkte kontak met armste van arm mense te bring sodat hulle wat op die uitreik is, se lewens kan verander.
Hulle het Moeder Teresa se omgee-sentrum vir behoeftiges en sterwendes in Kalkutta besoek. Hier is wat die man oor sy ervaring geskryf het:
"Kalkutta was ongetwyfeld die mees depressiewe, ongewensde plek wat ek al ooit besoek het, maar dit was ook vir my die plek van die grootste vreugde!
Ek was besig om ʼn ou geplooide uitgemergelde man met ʼn grys stoppelbaard te voer. Hy was te swak om regop te sit en was toegegooi onder ʼn kombers. Ek het per ongeluk ʼn paar korrels rys op

sy nek gemors. Ek bely, aan die begin wou ek nie die rys van hom afhaal nie, want ek wou nie die risiko loop om aan hom te vat nie. Na 'n tydjie het ek besef dat die rys dalk vir hom ongemak bring en die enigste ding om te doen was om dit met my vingers te verwyder.
Maar so gou as wat ek aan hom geraak het, het alle *hemel* losgebreek! Hy het begin praat en geglimlag. Alhoewel ek nie sy woorde kon verstaan nie, was sy liggaamstaal totaal verstaanbaar: hy was oorweldig deur die eenvoudige vreugde van 'n ander mens se aanraking. Die gevoer het vir wyle aangegaan, dit is afgewissel met verskeie uitbarstings van vreugde van sy kant.
Iewers gedurende die tyd het iets verrassends met my gebeur. 'n Groot, kinderlike, onbeheerde glimlag het oor my gesig versprei. Ek is "besmet" - aangesteek deur sy vreugde. Dit was 'n vreugde so diep, ek het al amper vergeet dat sulke gevoelens bestaan!
Die rykman se woorde:
"I realized that up until this point my reading, thinking and experiencing of Calcutta had focused on the suffering of the poor and on the identification of Jesus (and ourselves) with their suffering. But here I was being confronted with an experience of pure joy which seemed to contradict all of that. If indeed I had met Jesus in this man, then I had met not only the suffering Jesus, but also the Jesus of great joy."

**Sluit af**
Een koue wintersdag staan 'n arm dogtertjie in vodde op die straathoek en bedel vir kos of geld of wat sy ook al kan kry. Sy bibber van die koue. Die ryk man wat daar verbyloop verroer nie 'n vinger om haar te help nie. Hy haas hom na sy warm, deftige huis.
Toe hy egter saam met sy familie om die tafel sit en die heerlike ete geniet, onthou hy van die bibberende bedelaartjie op die straathoek. Dadelik word hy kwaad vir God. Hoe durf God sulke toestande op aarde toelaat waardeur kinders honger ly?
Die aand bid die ryk man: "Here, die gedagte aan daardie dogtertjie pla my so. As u 'n God van liefde is, waarom doen U nie iets om haar te help nie?"
Toe is dit asof hy God se stem duidelik hoor: "Maar Ek het iets gedoen! Ek het jou gemaak."
Amen